

**3 November**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: NGB, Art 27**

### **Die kerk – almal wat verseël is deur die Heilige Gees**

Partykeer kom daar briewe in die pos wat 'n mens skoon opgewonde maak. Net die koevert vertel jou al dat jy “reeds 'n wenner” is. As jy dan haastig oopmaak, lees jy dat duisende rande in jou naam iewers in 'n bank gebêre is. Maar, wat 'n teleurstelling! Die fynskrif vertel dat al hierdie mooi beloftes eintlik afhanklik is van jou intekening op hierdie of daardie boek en 'n gelukkige trekking. Dit was alles maar net 'n truuk om jou geld in die hande te kry.

Sulke advertensiemetodes behoort verbied te word. Dit stomp mense af vir wanneer daar werklik goeie nuus kom, soos in ons Skrifgedeelte. Kan jy dit glo? AL die geestelike seëninge wat daar in die hemel is, is joune! (vers 3) Die uitverkiesing, kindskap van God, vergewing van sondes, heiligmaking, lidmaatskap van God se volk, God se versorging en liefde, dit alles het Christus vir jou verdien en is deur Christus onvervreembaar JOUNE! Jy is geestelik ryk, skatryk!

Miskien soek jy nou die fynskrif. Wat moet ek doen? Waar lê die vanglek? Daar is nie een nie. As jy jou hoop op Christus stel is hierdie rykdom uit genade joune en kan jy, soos Paulus, God begin prys (vers 12). Geen vanglek dus nie, wel 'n waarborg: Die Heilige Gees, God self, beseël, waarborg, dat jy al die dinge wat Hy belowe sal ontvang. Daarom skakel Hy jou in by die kerk, die klub van hemelmiljoenêrs! Hoe meer jy hier betrokke raak, hoe meer sal jy jou geestelike rykdom insien en God se grootheid prys.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*